



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG Week van 3 Maart – Psalm 99

Stil word en aanbidding: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Lees **2 Korintiërs 3: 16-18** as 'n gebed. Dink na oor hoe jy die vryheid wat die Gees gee beleef en oor wat dit beteken om aan die beeld van Christus gelyk te word. Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid: "23Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

Woord: Daar is 'n hele paar psalms waarin die Here as Koning besing word: Ps. 47, 93, 96, 97, 98 en 99. Psalm 99 is 'n loflied ter ere van die Here as Koning. Hierdie psalm praat eers oor die Here (verse 1-4a) en dan word met die Here as Koning gepraat en wat Hy gedoen het (verse 4b). Hierna word die hele geloofsgemeenskap opgeroep om in 'n refrein die Here as Koning, God se lof te besing en Hom te aanbid (verse 5 en 9). Die Here het Hom in die geskiedenis van sy volk, Israel bekendgemaak (verse 6-7). Vers 8 is 'n belydenis oor wie die Here is en wat Hy doen. Nie minder nie as drie keer word melding gemaak van die heiligheid van die Here (verse 3, 4 en 9). Die Here het as Koning die reg lief en staan vir geregtigheid (vers 4), maar geregtigheid moet tot uitdrukking kom in die lewe van sy volk deurdat hulle sy bepalings en opdragte, soos dit in die wet aan hulle gegee is, gehoorsaam. Die Here regeer. Hy is in beheer en Hy wil geregtigheid in stand hou. **Lees nou Psalm 99:1-9 'n paar keer deur.**

Gesprek

1. Gesels oor die beeld van God wat ons in hierdie Psalm kry. Waartoe nooi die Psalm ons uit? Hoekom? Hoe doen ons dit?
2. Wat gebeur wanneer ons besef dat God heilig (anders) is? Hoe moet ons God se vergifnis en straf verstaan? Dink aan voorbeelde om dit te verduidelik.
3. In Egipte was die koning as god vereer. Nou wil Psalm 99 ons kom leer dat die koning nie god is nie, maar dat God die Koning is. Spel die werklikheid uit waar die koning god is en visualiseer waar God die Koning is.
4. As dienaars van Jesus as Koning, word ons geroep om onself prys te gee in die najaag van reg, geregtigheid en billikheid. Gesels oor die implikasies vir Jesus-volgelingen dat God 'n God van geregtigheid is. Hoe manifesteer geregtigheid in gemeenskappe en verhoudings? Begin julle antwoord soos volg: 'n Goeie lewe vir almal beteken ...
5. God ontferm Hom oor die noodlydende en verdrukke. God gryp reddend in en laat reg geskied deur die swakke en hulpelose op te help. Baie keer wil Hy juis dit deur mense wat Hom ken en dien, doen. Deel uit jou eie ervaring waar jy 'n stryder vir reg en geregtigheid was vir diegene wat slagoffers van verontregting en uitbuiting was. Wat het jou gemotiveer om op te tree? Wat was die afloop en nadraai?

Afsluiting: Erken God as die Koning van alles in jou lewe ...